

Vrydag 3 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-17

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:15

Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste

In hierdie wonderlike verse lees ons van Paulus se dankbare verwondering oor die feit dat Christus hom van alle mense in sy diens gebruik. In menslike terme was Paulus nie 'n kandidaat wat ons vir enige diens sou oorweeg nie – veral nie die verkondiging van die evangelie nie. Vroeër het hy Christus belaster en sy kerk openlik en doelbewus vervolg. Hy het die kerk letterlik probeer uitroei!

Maar juis vanuit hierdie liederlike agtergrond vertel Paulus ons in 1 Timoteus 1 van God se wonderlike genade in Christus. Christus het aan Paulus *genade* bewys! Ten spyte daarvan dat hy geen genade aan die kerk bewys het nie, het die Here sy genade aan hom bewys (vgl. Rom. 5:8, 10). Trouens, ons Skrifgedeelte sê die Here het hom *oorlaai* met sy genade! Christus het hom nie net gered nie, Hy het hom ook in sy diens gestel.

Hierdie verse leer ons op besondere wyse wat ons op soveel plekke in die Skrif leer: God red sondaarmense sonder enige verdienste deur Christus. Dit is waarlik “genade”. Dit besef ons nie net deur die voorbeeld van Paulus nie, maar ook as ons na ons eie lewens kyk. Net soos Paulus moet ons elkeen kan erken: Van alle sondaars is ek die grootste. Net soos Paulus kan ons egter vol blydschap uitroep: *“Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos.”*

En juis daarom kan ons nie anders nie as om uit te roep: *“Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.”*

Sing: Psalm 103-1:6, 9

Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)